

# FamilieTuisblad

18 - 24 Augustus 2019



in samewerking met [nous.org.za](http://nous.org.za)

## Hebreërs 12: 1

Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop...

**fokus  
vers**

**TEMA**  
van die week

Gooi af jou las!  
Gee die aflosstokkie aan!

**So:** Hebreërs 11: 29-12: 2  
**Ma-Di:** Psalm 80: 1-2, 8-19  
**Wo-Do:** Jesaja 5: 1-7  
**Vr-Sa:** Lukas 12: 49-56

**BYBEL  
tyd**

## Dankgebed (Gebed voor ete)

Dankie vir die kos wat ons kan geniet en dat U vir ons sorg. Amen.

**BID  
tyd**

## Oorgee-gebed

Laat ek vandag op Jesus gefokus bly. Amen.

## Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)

Mag jy vandag elke las van jou afgooi en die goeie wedloop hardloop. Amen.

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- ✦ Van watter geloofsgetuies word daar gepraat in 12: 1? Kyk hoeveel groepe geloofsgetuies julle kan tel in 11: 29-40.
- ✦ Hoekom het hierdie geloofsgetuies nie moed opgegee nie?
- ✦ Watter dinge laat jou soms voel dat jy wil opgee?
- ✦ Help hierdie gedeelte ons om aan te hou met die goeie wedloop? Hoe kry die teks dit reg?

**GESELS  
tyd**

Ons gesels saam  
oor ons lewe en  
geloof

**SPEEL  
tyd**

Ons spandeer kwaliteit-tyd  
saam

Laat iemand 'n objek in 'n vertrek wegsteek vir 'n ander gesinslid. Die moet dan die objek kom soek, **maar hy/sy mag nie weet wat die objek is wat hy/sy soek nie.** Dit kan iets groot (bv. 'n meubelstuk) of klein (bv. 'n sleutel) wees. Indien hy/sy sukkel, vertel wat die objek is wat gesoek word. Gee elkeen in die gesin geleentheid om 'n objek te soek (elke keer 'n ander objek). Hoekom is dit makliker om iets te soek as jy weet wat dit is? Hoe vergelyk dit met "hou die oë op Jesus"?

**DOEN  
tyd**

Ons oefen ons  
geloof op 'n  
praktiese manier

Terwyl ons fokus op geloofsgetuies, sal dit goed kan wees om 'n geloofsgetuie te identifiseer wat dalk deur 'n moeilike tyd gaan. Maak vir hom/haar 'n bemoedigende kaartjie waarin julle waardering uitspreek vir dit wat hy/sy doen.

Hier is 'n beeld wat ons kan help in die tye wanneer ons swaarkry of sukkel. Dat ons soos 'n atleet wat deelneem aan 'n wedloop sal:

- Fokus op Jesus (konsentreer op die feit dat Jesus reeds die wedloop namens ons gewen het)
- Ons sal uitkyk vir ons ondersteuners (ouers, vriende)
- Dat ons ons nie sal besig hou met dinge wat ons aandag kan aftrek van ons doelwit af nie.

**LEEF  
tyd**

Ons leef ons  
geloof heelweek  
uit